Die Voortrekkers

Posbus 12924, Hatfield, 0028
Francis Baardstraat 990, Hatfield
Tel 012 430 3914
E-pos transvaal@voortrekkers.co.za
transvaal.voortrekkers.co.za

16 Julie 2019

VIR WIE DIT MAG AANGAAN
DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

Projekvoorstel vir Gedeelte 1 van Erf 197, Erf 196 Arcadia dorp asook Restant van Erf 22 Hatfield dorp, bekend as Boerplek

1. **Uitnodiging.**
Die **"**Die Voortrekkers Transvaal**"** (VTS); rig derhalwe 'n uitnodiging aan u om per geslote koevert óf elektroniese media 'n projekvoorstel in te dien by die kantore van "Die Voortrekkers Transvaal" voor/op 12h00, **Vrydag 23 Augustus 2019**, soos per onderstaande adres:

990 Francis Baard Straat, Arcadia, Pretoria (skriftelik) of
kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za (elektronies)

2. **Agtergrond.**
Die Voortrekkers Transvaal is 'n gebied van Die Voortrekkers, 'n kultuurbeweging met 'n eie grondwet, waarkragtens gebiedsbesture vaste eiendom vir Die Voortrekkers mag koop, verkry by wyse van skenking of op enige manier wat Die Voortrekkers geskik ag; en om sodanige eiendomme **te vervreem, verhandel, verhuur, te verbind of** om op enige ander manier daarmee te handel.

Die oogmerk van hierdie versoek tot projekvoorstel is om Die Voortrekkers Transvaal instaat te stel om die gemelde **grond** tot voordeel van Die Voortrekkers in sy gebied te ontwikkel tot 'n **kultuurbate** waar nodig, ter bereiking van die doelwitte en doeleindes van die beweging.

Gedeelte 1 van Erf 197 **en Erf** 196 ARCADIA **DORP** asook **Restant van Erf 22 HATFIELD Dorp**, is ge-identifiseer as een van hierdie bates om te ontwikkel tot 'n volhoubare, winsgewende, bruikbare bate om die doelwitte van Die Voortrekkers Transvaal te bereik en te bevorder.

Koordinaat verwysing: 25°44'46.17"S 28°13'46.89"E

3. **Formaat.**

Die projekvoorstel kan volgens u formaat ingedien word.
Die volgende dokumentasie moet deel vorm van u projekvoorstel:

1. Projek oorsig en volledige projek beskrywing
2. **Die doelwitte van die projek, moet voldoen aan die volgende vereistes:**
    - **a.** Bewys lewer van volhoubaarheid van die projek oor ten minste 10 jaar.
    - **b.** Stawende bewyse van finansiële vermoë om die projek te finansier in sy beplanningsfase, goedkeuringsfase, oprigtingsfase en implementeringsfase.
3. Projekbegroting
4. Projektydlyn
5. Projek kontantvloei vir ten minste die eerste 3 jaar vanaf beplanning tot na implementering.
6. Bedryfsbegroting na implementering indien van toepassing
7. Voorlopige ontwerp (opsioneel)

4. **Beginsels om duidelik te vervat in die projekvoorstel.**

1. Dat VTS ‘n grondstuk tot beskikking van Projekvoorsteller beskikbaar stel vir ontwikkeling, gebruik en/of aanwending ter bereiking van die projekdoelwitte.

2. Dat die Projekvoorsteller bewys lewer van ‘n langtermyn volhoubare strategie om die beste opbrengs teen die mees winsgewendste koers in vergeleke met soortgelyke vergelykbare projekte elders, daar te stel.

3. Dat die grondstuk moontlik vervreembaar is.

4. ‘n Bedrag gelykstaande aan ‘n billike grondwaardasiebedrag na voltooiing van die projek aan VTS uitgekeer word.

5. Die projek moet ‘n maandelikse inkomste op die langtermyn aan VTS lewer op ‘n annuïteitsbasis.

6. Dat die Projekvoorsteller bewys lewer dat na suksesvolle kontraktering met die VTS:
    a. Die Projekvoorsteller ontwikkelingsfinansiering vir die voorgestelde projek kan bekom op eie koste.
    b. Die Projekvoorsteller ‘n projekspan daar sal stel om:
        i. Sorg te dra dat daar aan die nodige soneringsvereistes voldoen word.
        ii. ‘n Gepaste ontwerp daar te stel wat in beide partye se verwagtinge sou voldoen.
        iii. Gepaste finansiële modellering daar te stel tot voordeel van die doelwitte van VTS.
        iv. Die projek te ontwikkel en tot uitvoering te bring op ‘n datum soos per projekvoorstel.

7. Dat ‘n memorandum van verstandhouding tussen die partye gesluit word wat sal verseker dat die projek tot uitvoering sal kom binne 12 maande na die ondertekening daarvan, wat ook die datum van afhandeling en implementering sal aandui tesame met die paslike vertroulikheidsooreenkoms.

8. Dat ‘n projek-reserveringsfooi betaalbaar sal wees aan VTS vanaf datum van kontraksluiting (MOU) tussen die partye tot datum van afhandeling van die implementeringsfase deur die Projekvoorsteller. Die Projekvoorsteller sal ter voorstel die orde-grootte van die bedrag aanbied aan die VTS asook die terme daarvan sonder dat die verwagting geskep word dat die gelde terugbetaalbaar sal wees indien die projek nie tot uitvoering kom nie.

Navrae kan skriftelik gerig word aan die gebiedsekretaris, EJJ Schnetler, by meegaande eposadres: admin@transvaal.voortrekkers.co.za

Transvaal groete

Elsa Schnetler
Gebiedsektretaris
082 707 2010
admin@transvaal.voortrekkers.co.za